

PREEK
4 FEBRUARIE 2018

Teks: Openbaring 1:22

Tema: Hoe voltrek God Sy wil in die wêreld/geskiedenis

In stryd met God se skeppingsdoel/wil dat Hy as Skepper-Koning deur Sy hele skepping geëer, geloof, aanbid en gehoorsaam gedien word, het die mens met die sondeval die onverklaarbare dwase ding gedoen en Sy rug op God gekeer. Soos 'n trein wat, as hy op sy spoor bly sy bestemming veilig bereik, was God se reëls ("jy kan"/ "jy mag nie") die veilige roete na 'n lewe in harmonie, vrede en geluk. Maar toe die mens kies om sy eie pad te loop, het hy ontspoor. Die rimpel-effek van dié ontsporing het eksponensiële katastrofiese gevolge op die hele skeppingsorde gehad. Toe die mens homself onafhanklik verklaar, skeur hy hom los van sy Skepper. Dié skeur loop toe dwars deur die huwelik, gesin, en al sy ander medemens verhoudings dier en natuur. Magshonger lei toe tot konflik/oorlog. Eie belang lei tot uitbuiting, wanbestuur en onreg, liefdeloosheid lei tot verskeurde verhoudings. Dié tekens staan geskrywe op elke koerant se bladsy en vul elke TV/-radio nuusberig.

In 1972 sing Johnny Nash sy liedjie getiteld: **There are more questions than answers**. Daarin verwoord hy ons almal se baie vrae soos:

Het die sondeval en die rampspoedige gevolge daarvan God skaakmat geplaas?

Het God in reaksie op die opstand van die mens Homself doelbewus van al die chaos onttrek en kyk Hy die hele spul gelate en passief uit die verte toe?

Watter nut het dit om te glo as die lotsbestemming van alle mense oënskynlik dieselfde is.

Dit is veral die Openbaringsboek wat die sluier lig op al dié soort vrae. As troos-brief is dit geskryf aan christene wat onder uiters moeilike omstandighede dag vir dag vir hul lewe gevrees het en met al dié soort vrae geworstel het. God gee aan Johannes, self 'n banneling op die eiland Patmos, 'n kykie na al dié gebeure vanuit Sy troonkamer.

Openbaring 1-3 sê dat Jesus wat gekruisig en begrawe is werklik toe opgestaan het en lewe. Hy is met sy hemelvaart nie weg nie, maar is soos Hy in Matt 28:20 belooft het **by ons** tot aan die heel einde. Hy doen sy Immanuel-naam gestand (Matt 1:23). Hiervan is Johannes eerstehands getuie wanneer Hy Jesus tussen sewe goue staanlampe (=hele kerk oor die wêreld) sien staan terwyl Hy sewe sterre =al die leraars in sy regterhand vashou. Hy het die kerk nie verlaat en ons as gelowiges aan ons lot oorgelaat nie. Vir 'n vreesbevange Johannes raak Jesus empaties aan en gee hom 'n boodskap van hoop wat hy onder medegelowiges moes versprei .

Open 1: 17-20

Toe ek Hom sien, het ek by sy voete neergeval en bly lê soos een wat dood is. Hy het toe met sy regterhand aan my gevat en vir my gesê: "Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste,

die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk.

Skrywe nou op wat jy gesien het, wat nou daar is en wat hierna gaan gebeur.

En dit is die verborge betekenis van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en van die sewe goue lampe: die sewe sterre is die leraars van die sewe gemeentes, en die sewe lampe is die sewe gemeentes."

Aan elke gemeente rig Jesus 'n persoonlike woord, want Hy is nie slegs in ons midde nie, maar **ken ons** situasie van binne af uit. Jesus vermaan en komplimenteer (Open 2-3).

Openbaring 4 – 11 vertel verder hoe Jesus vir Johannes 'n kykie op die groter verhaal van die kosmos gee. Hy sien die hemelse troonkamer waar God op Sy troon sit. God word met lof/aanbiddingsliedere deur engele en die 24 ouderlinge (=geestelike leiers van Ou en Nuwe bedeling toegesing:

*Elkeen van die vier lewende wesens het ses vlerke gehad, wat aan die bokant en aan die onderkant vol oë was. Hulle het dag en nag sonder om te rus, gesê: “**Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige**, Hy wat was en wat is en wat kom.”*

Elke keer wanneer die lewende wesens heerlijkheid, eer en dank toebring aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe,

***kniel** die vier en twintig ouderlinge voor Hom wat op die troon sit, en **aanbid** Hom wat tot in alle ewigheid lewe. Hulle sit dan hulle krone voor die troon neer en sê:*

“Here, ons God, U is waardig om die heerlijkheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep.”

(Open 4: 8-11)

God hou 'n verseelde (=geheime) boekrol in Sy regterhand vas. Dié boekrol verwoord God se argitekse plan vir die ganse kosmos. Vir die mens is dié plan verborge! (Open 5:3). Daarom treur Johannes wanneer hy verneem dat daar niemand in die hemel of op die aarde is wat dit kan oopmaak nie. (Openb. 5:4). God sien sy trane. Een van die ouderlinge kom troos Johannes en sê:

: “Moenie huil nie. Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak.”

(Open 5:5)

Sy hartseer verdwyn en hy sien hoe Jesus, aan wie alle mag in hemel en op aarde gegee is (=7 horings as simbool van **alle** mag) en die Heilige Gees met sy hemelvaart na die wêreld gestuur het. (= 7 oë / Heilige Gees), dié boekrol in ontvangs neem. 'n Kettingreaksie van lof/aanbidding volg:

Toe het ek voor die troon wat omring was deur die vier lewende wesens, tussen die troon en die ouderlinge, 'n Lam sien staan, die Een wat geslag was. Hy het sewe horings en sewe oë gehad. Die sewe oë is die sewe Geeste van God, wat oor die hele aarde uitgestuur is.

Hy het toe gegaan en die boek ontvang uit die regterhand van Hom wat op die troon sit.

Net toe die Lam die boek neem, het die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor Hom gekniel. Elkeen van hulle het 'n siter gehad en 'n goue bak vol wierook, die gebede van die gelowiges.

Toe sing hulle 'n nuwe lied: “U is waardig om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat U geslag is en met u bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie.

U het hulle 'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer.”

Toe het ek rondom die troon en die lewende wesens en die ouderlinge 'n groot menigte engele gesien. Daar was duisende der duisende, ja, miljoene der miljoene. Ek het hulle hard hoor

uitroep: "Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlijkheid en lof te ontvang."

Die hele skepping, alles in die hemel en op die aarde en onder die aarde en op die see, ja, alles wat daar is, het ek hoor sê: "Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die eer, die heerlijkheid en die krag, tot in alle ewigheid."

Die vier lewende wesens het gesê: "Amen!" En die ouderlinge het gekniel en God aanbid.

(Open 5: 6-14)

Johannes ontvang opnuut sy opdrag om medegelowiges met dit wat hy gesien het, te gaan troos en te bemoedig. Die boodskap was soet (=inspirerende goeie nuus dat God nie die werk van Sy hande laat vaar het nie) en bitter (=die geloofspad is vol doods-gevaar)

Ek het toe die boekie uit die hand van die engel gevat en dit opgeëet. In my mond was dit so soet soos heuning, maar toe ek dit insluk, het my maag bitter geword.

Toe het hulle vir my gesê: "Jy moet weer God se boodskap aangaande baie volke, nasies, tale en konings verkondig."

(Open 10: 10-11)

Jesus herbevestig sy belofte aan Lasarus (Joh 11:25) Dit het Paulus ook aan die gemeente in Rome meegedeel (Rom 8:37vv). Dié wat hul lewe ter wille van hul geloof verloor het, het dit teruggekry. (Openb. 11: 7-12). Die oordeelsdag is op hande. Dit is goeie nuus vir dié wat bly glo, maar slegte nuus vir elke ongelowige.

Open 12-22 vertel nou die verhaal van hoe die oordeel voltrek word. Dit begin in die hemel waar Satan (=Draak) as gevalle engel sy plek as aanklaer verloor. Nou haal hy sy woede op aarde uit teen alle gelowiges. Maar God bewaar Sy kerk teen die Bose. Die woestyn-metafoor in Open 12:14 herinner aan die Uittog-verhaal uit Egipte en ook Jesus se woestyn-periode toe Hy deur Satan versoek is. Dit is beide verhale van God se sorg en beskerming. Teenoor die onheilige drie-eenheid (=Draak/Satan, dier uit die see, dier uit die aarde: (Open 12-13) wat mense verlei, staan Jesus, die Oorwinnaar met sy volgelinge op Sionsberg.

Aan die kruis het Hy reeds oorwinning oor Satan behaal. Die gelowiges wat nou reeds by Hom is, sing oorwinningsliedere (Openb. 14:1-5). Enkele flitse van die verloop van die geskiedenis word belig. Vanuit die hele laaste bladsy van die geskiedenis laat God Johannes terugkyk. Hy sien hoe goddeloos die mensdom geword het (Babilon-metafoor) Openb. 18. Almal wat die merk van die dier op hul voorkop (=beeld van sondige denke) en hul hand (= beeld van sondige daede) dra, val onder die oordeel. Die misleidende persepsie wat geskep geglo en versprei word, is dat Satan en sy volgelinge die oorhand het. Hulle doen net wat hulle wil. Gelowiges word vermoor en trek oral aan die kortste end. Dat Satan beperkte mag het en sy magstryd 'n vervaldatum het, word nou vir Johannes duidelik. Uiteindelik triomfeer Jesus en breek die nuwe skepping (Openb. 22) aan.

Openb. 12-22 sê dus dat die geskiedenis van die wêreld stap-vir-stap op pad is na die oordeelsdag wanneer almal wat in ongehoorsaamheid volhard, gestraf word en dié wat die knie voor God Drie-Enig gebuig het vir altyd saam met God die nuwe hemel/aarde sal bewoon. Niks en niemand kan ons uit God se hand ruk nie. Die Goeie Nuus troos en gee ons energie om ten spyte van alles wat skeef loop, te volhard, want God was en is steeds in beheer.

Sy **Gees anker ons** deur geloof aan die Rots (Jesus). Daarom staan ons sterk in die storms. Hy **vul ons met God-liefde** en laat ons **deur God se oë kyk** na alles/almal om ons. Daarom bid/getuig ons

vir/teenoor ons vyande. Hy **gee** ons **oë** om **Hom binne in die storm te sien** sodat ons nie angstig rondkyk en moed verloor nie. Hy **skenk** gawes waarmee ons medewerkers van God is om Sy Koningskap uit te brei. Hy het reeds 'n eindtelling op die "scoreboard" bekend gemaak. Daarom weet ons nou reeds wat dié uitkoms van elke terugslag is wanneer die Bose punte aanteken en ons twyfel/vrees dat alles tevergeefs is en ons aan die verloorkant is. Daarom hou ons die oë gevestig op Jesus - die Begin en die Voleinder van die geloof. In/deur Hom is ons meer as oorwinnaars! Ja, ons het steeds meer vrae as antwoorde. Maar Openbaring antwoord ons grootste vrae:

Wie is in beheer?

Wat is die Uiteinde?

Is dit die moeite werd om te bly glo?

Bespreek vrae:

1. **Wat** het jy vandag gehoor?

2. Wat **beleef** jy as jy dié Goeie Nuus hoor

3. Hoe help dit jou wanneer jy gekonfronteer word met slegte dinge wat elke dag gebeur?

AMEN